

CQ BOLAND



**NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEUR RADIO KLUB**

Desember 2015

KOMITEE VAN BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

Voorsitter	Conrad Esterhuysen, ZS1ES	zs1es@bark.org.za
Sekretaris	David de Kock, ZS1DDK	zs1ddk@bark.org.za
Tesourier	Rassie Erasmus, ZS1YT	zs1yt@bark.org.za
CQ Boland	Fabian Palm, ZR1FQ	zr1fq@bark.org.za
Geleenthede	Andrè Shaw, ZS1AN	zs1an@bark.org.za
Bulletins	Olivier van Staden, ZS1OLI	zs1oli@bark.org.za
QSL	Jan van der Vyver, ZS1VDV	zs1vdv@bark.org.za

Gekoöpteer

Publieke informasie beampte

Deon Coetzee, ZR1DE pib@bark.org.za

Webmeesters

Fabian Palm, ZR1FQ & Deon Heydenrych, ZS1G

Facebook

Fabian Palm, ZR1FQ

Epos kan ook gerig word aan zs1bak@bark.org.za

KLUB BULLETINS

Tyd: Sondae om 7:45

Frekwensies: 3670kHz, 7092kHz LSB en 145,700 FM

U kan ook na hierdie uitsending luister op “Echo Link” deur te koppel aan ZS1DCC.

WEBWERF

Bark.org.za

FACEBOOK

facebook.com/bolandamateurradioklub

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

U word vriendelik uitgenooi na BARK se volgende ledevergadering op Saterdag 12 Desember 2015 om 11:00 by die Voortrekker terrein te Stellenbosch. Die vergadering behoort so teen 12 uur klaar te wees en daarna sal die braaivleisvure brand.

BARK
Vergadering...



BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste twee weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met behulp van E-pos gestuur word.



Stuur u bydraes aan:

zr1fq@bark.org.za



VAN DIE VOORSITTER

Ons laaste ledevergadering van die jaar is net om die draai en vind plaas op 12 Desember 2015 by die Voortrekkerterrein te Stellenbosch. Die vergadering word gevolg deur 'n bring en braai asook 'n vlooiemark so bring asseblief al u oortollige toerusting saam. Ek sien uit om u almal by die geleentheid te sien en vertrou dat dit 'n lekker gesellige byeenkoms sal wees.

Baie dankie aan almal wie hierdie jaar betrokke was by BARK se bedrywighede. 'n Spesiale woord van dank aan die skrywers en lesers van bulletins asook diegene wie getrou luister en inroep. Dankie ook aan Fabian, ZR1FQ, vir sy bereidwilligheid om voort te gaan met die opstel van CQ Boland. Ek dink almal sal saamstem dat die uitgawes baie interessant is en natuurlik ook 'n groot dankie aan almal wie bydraes gelewer het.

Onthou dat u op hoogte kan bly deur BARK se Facebook blad, [facebook.com/bolandamateurradioklub](https://www.facebook.com/bolandamateurradioklub) , of die webwerf

<http://bark.org.za> te besoek.

'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar aan u en u gesin.

Conradt,


ZS1ES



BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 12 DESEMBER 2015

Ons volgende BARK vergadering vind plaas op Saterdag, 12 Desember 2015 om **11:00** by die Voortrekker terrein te Stellenbosch. Die terrein is in Simonsbergweg. Sien aangehegte kaart hieronder.

Bring alles saam wat u nodig het om te braai. Dit sluit die rooi-koeldrank in.



DIE TAAL WAT ONS PRAAT; VERAL OP HERHALERS

Henry Chamberlain, ZS1AAZ

Jy kry nie eintlik 'n meer Engelse van as myne nie, Chamberlain. Maar die meeste bloed in my are is van Hollandse oorsprong. Daar is Meyers, de Witts, Rabe, en nog ander ook. Die Engelse deel is taamlik klein, maar daarop is ek ook trots. Ek beskou myself as 'n Afrikaner en ek is trots op wat my nasie bereik het, ten spyte van die foute van die verlede. Ek is ook trots op my taal en probeer om dit so suiwer moontlik te praat en ek vermy woorde wat ek as swak taalgebruik beskou.

Ons Afrikaanssprekendes praat meer as een taal, ons is gewoonlik taamlik tuis in Engels maar wanneer ons Afrikaans praat, doen ons dit op meer as een manier. Daar is die taal wat ons praat wanneer die dominee kom huisbesoek doen, maar dan is daar die taal wat ons praat as ons tussen ons tjommies is.

Vroeër dae was die taal wat ons op die lug gebruik, nader aan die taal van die dominee, maar deesdae is daar 'n soort agteruitgang wat besig is om plaas te vind. 'n Mens kry dit ook in ons musiek. Ek het eendag gehoor hoe oorlede Willem Veer, ZS1LN, vir iemand op 2M sê: "Jy moet jou rowwigheid los."

Die manier waarop ons tussen ons tjommies praat, is ons eie saak, maar die manier waarop ons in die publiek, of op die radio praat, moet 'n saak van trots wees.

Ek sluit af met 'n aanhaling uit 'n boek van Sir Arthur Conan Doyle, die skrywer wat die Sherlock Holmes karakter geskep het. Hy was 'n mediese dokter tydens die Boereoorlog. As mens dit lees, besef jy dat ons iets het waarop ons trots kan wees.

Great Quote by the writer of Sherlock Holmes, Sir Arthur Conan Doyle about the Boers; The bit at the bottom is priceless.

“Take a community of Dutchmen of the type of those who defended themselves for fifty years against all the power of Spain at a time when Spain was the greatest power in the world. Intermix with them a strain of those inflexible French Huguenots who gave up home and fortune and left their country for ever at the time of the revocation of the Edict

of Nantes. The product must obviously be one of the most rugged, virile, unconquerable races ever seen upon earth. Take this formidable people and train them for seven generations in constant warfare against savage men and ferocious beasts, in circumstances under which no weakling could survive, place them so that they acquire exceptional skill with weapons and in horsemanship, give them a country which is eminently suited to the tactics of the huntsman, the marksman, and the rider. Then, finally, put a finer temper upon their military qualities by a dour fatalistic Old Testament religion and an ardent and consuming patriotism. Combine all these qualities and all these impulses in one individual, and you have the modern Boer—the most formidable antagonist who ever crossed the path of Imperial Britain. Our military history has largely consisted in our conflicts with France, but Napoleon and all his veterans have never treated us so roughly as these hard-bitten farmers with their ancient theology and their inconveniently modern rifles.”

The Amateur's Code

by Paul M. Segal, W9EEA (1928)

The Radio Amateur is:

CONSIDERATE

never knowingly operating in such a way as to lessen the pleasure of others.

LOYAL

offers his/her loyalty, encouragement and support to his/her fellow radio amateurs, his/her Club and to the South African Radio League, through which Amateur Radio is represented.

PROGRESSIVE

with knowledge abreast of science, a well built and efficient station, and operation beyond reproach.

FRIENDLY

with slow and patient operation when requested, friendly advice and counsel to the beginner, kindly assistance, co-operation and consideration for the interests of others. These are the hallmarks of the amateur spirit.

BALANCED

Radio is an avocation, never interfering with duties owed to family, job, school or community.

PATRIOTIC

with station and skill always ready for service to country and community.

HERHALER FOUTE

Epos herhaler foute na

wc-repeater-fault@googlegroups.com

HERHALER SAKE

Indien u ook weekliks die Wes- Kaap herhaler verslag wil ontvang, stuur net 'n epos aan Rassie Erasmus by rassiezs1yt@gmail.com

BARK LIDMAATSKAP

Hoe sluit ek by BARK aan? Hoe hernu ek my lidmaatskap?

Die maklikste manier om by BARK aan te sluit of om u lidmaatskap te hernu is om dit via die internet te doen. Alternatiewelik kan u 'n kontant betaling maak aan ons tesourier, Rassie (ZS1YT) tydens BARK byeenkomste.



Gaan na BARK se webwerf by <http://bark.org.za>

Klik op Aansoek/Hernu vorm en voltooi die informasie wat verlang word.


Die bank besonderhede is:

Bank: ABSA.

Takkode: Internet - 632005, Toonbank – 334312. Rek No: 429720974.


Ledegeld vir 'n gewone lid is R100,00 en vir 'n skolier of student R50,00.

VADER KERSFEES OP DIE LUG




Die tradisionele Vader Kersfees Land Stasie, OH9SCL, sal weer in Desember 2015 op die lug wees. Hierdie jaar se aktiwiteit sal besonders wees, aangesien dit die 30ste jaar is wat hierdie stasie diens doen vanuit die Arktiese Sirkel.

Aktiwiteit sal geskied op die HF bande, alle modus vanuit Lapland in die Noorde van Finland. Santa se eie HF stasie was al baie besig sedert Desember 1986 en word beman deur plaaslike radio amateurs van Lapland en radio amateur besoekers. Hieronder is die oorspronklike QSL kaart van 1986:



JOU KERSFEES LIGGIES AFFEKTEER DALK JOU WIFI

Is dit moontlik dat jou kersfees liggie rangskikking dalk jou wi-fi gaan affekteer?



Ja dit kan, maar.... niks meer as enige ander toestel in jou onmiddellike omgewing nie. Wi-fi is die gebruik van elektromagnetiese golwe om inligting te versend tussen jou breëband router en jou selfoon of rekenaar. Alles wat 'n aangeskakelde elektriese stroom het genereer 'n elektromagnetiese veld en dit veroorsaak steuring vir die elektromagnetiese golwe wat daardeur wil beweeg. Kersfees liggies is 'n bondel bedrading met 'n elektriese stroom wat 'n klein elektromagnetiese veld vorm en dus gewoonlik min steuring tot gevolg het.

Daar is egter 'n hele reeks items wat potensiële steurnis kan teweeg bring indien dit tussen jou wifi router en die toestel wat jy gebruik geplaas word.

Ongelooflik Sleg:

- Mikrogolf oonde – wanneer afgeskakel is dit 'n metaal boks (sleg). Maar wanner dit aan is, gebruik dit hoë krag mikrogolwe teen 2.4 GHz (selfde frekwensie as wifi) wat 'n tipe van “black hole” rondom wi-fi seine vorm.

Baie slegte items:

- Wasmasjiene, tuimel droërs, stowe, yskaste, ens. is baie sleg omdat dit groot metaal bokse is en baie keer pype met vloeistof in bevat.

- Waterpype – water is versot op radio golwe en absorbeer die energie daarvan.
- Koordlose “DECT” fone- gebruik dieselfde frekwensie as wi-fi en word heel dikwels reg langs die wi-fi router geplaas.


Slegte items:

- Mense- Ons self is baie goed met die absorpsie van wi-fi golwe.
- Insulasie- Dieselfde goed wat hitte in jou mure en plafon absorber, veroorsaak probleme vir wi-fi
- TV- gewoonlik nie ‘n groot probleem nie, tensy jy jou wi-fi router agter dit plaas.
- Luidsprekers- basies elektromagnete, so dit kan probleme veroorsaak.
- Kersfeesliggies- kan swak elektromagnetiese veld veroorsaak.

Goeie items:

- Kersfees boom- Nie dig genoeg om werklik probleme te veroorsaak nie.
- Ligte stoffering- Meeste sofas, beddens, en ander meubels is nie baie dig nie en veroorsaak gevolglik min inmenging met wi-fi seine.
- Troeteldiere- Tensy jy ‘n beer aanhou is meeste huishoudelike troeteldiere se pelse nie dig genoeg om wi-fi steuring te veroorsaak nie tensy hulle reg bo-op die router sit!

Electromagnetic spectrum



Baie ander nie wi-fi toestelle gebruik frekwensies naby aan die 2.4GHz en 5 GHz van wi-fi en gevolglik kan dit steuring veroorsaak.

Natuurlik is dit nie net radio kommunikasies wat probleme vir wi-fi inhou nie, maar ook soliede strukture soos mure. Sekere materiale absorber wi-fi syne beter as ander. 'n Metaal yskas is byvoorbeeld moeilik om te penetreer asook water is 'n groot wi-fi sein blokkeerder.

Om steuring te voorkom beteken gewoonlik dat jy die probleem toestel moet afskakel of verskuif, maar daar is alternatiewe.

Jy kan jou wi-fi router se sein vergelyk met 'n klip wat in 'n dam water gegooi word en rippels uitstuur in alle rigtings vanaf die punt waar dit die water tref.

Op 'n basiese vlak versend jou router die wi-fi sein in aller rigtings gelyktydig. Enigiets in die pad daarvan ('n ander rots in die water voorbeeld) sal gevolglik 'n afname in die golf krag agter dit veroorsaak. Wi-fi gaan natuurlik dwarsdeur objekte, maar dit veroorsaak 'n afname in sein/golf sterkte.

Waar plaas ek my router?

Die beste plek vir jou router is in die middel van jou huis. As die gebou meer as een vloer het is dit beter om dit so hoog moontlik te monteer. En natuurlik probeer om dit nie naby ander elektriese toestelle te plaas nie.

MIKROGOLF MALVA LEKKERTE

Deur Andre, ZU1KOK

Sous

230g botter of margarien – 1K
 200g suiker – 1 K
 250ml Room – 1 K
 125ml Water – 0.5K

Beslag

200g Suiker – 1K
 1 eier
 15ml botter of margarien – 1E
 15ml fyn appelkooskonfyt – 1E
 140g koekmeelblom – 1K
 5ml bakpoeier – 1T
 Knypie sout
 200ml melk – 3/4K
 15ml asyn – 1E
 5ml koeksoda – 1T

Mikrogolf die botter, suiker, room en water ongeveer 6 minute oop in 'n diep mikrogolfvaste bak met 'n volume van 1L by 100% krag tot kookpunt en roer dit gereeld. Meng intussen die beslag.

Meng die suiker, eier, botter en appelkooskonfyt baie goed. Sif die koekmeelblom, bakpoeier en sout saam. Roer die meelmengsel en melk beurtelings by die suikermengsel. Meng die asyn en koeksoda en roer dit by die suikermengsel.

Giet die beslag in 'n diep mikrogolfvaste bak met 'n volume van 1.4L en 'n deursnee van 17.4 cm. Plaas die bak op 'n omgekeerde mikrogolfvaste piering in die mikrogolfoond. Mikrogolf die poeding 10 minute oop by 70% krag en draai die bak elke 3 minute as die mikrogolfoond geen draaiskyf het nie.

Skep die warm sous bietjies-bietjies oor die warm poeding. Laat dit 'n rukkie staan sodat die sous kan intrek.

Sit die poeding loutwarm voor. Lewer 6-8 porsies.



VAN:

Boland Amateur Radio Klub